**28 November** **Skrifgedeelte: Josua 23:1-16 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Josua 23:6, 11**

## In die koninkrykstyd: Hou uit liefde tot God vas aan die Woord van God!

Ongeveer 20 jaar nadat die stamme van die volk hulle erfdeel ontvang het, roep Josua hulle op vir ’n volksvergadering. Josua, waarskynlik 110 jaar oud, het aan die einde van sy lewe gekom. Intussen het die HERE met Josua as bevelvoerder die heidennasies in Kanaän onderwerp of uitgeroei. Die HERE het rus gegee in die land. In ’n sekere sin het die koninkryk van God deurgebreek in Israel se beloofde land, al was die heidene steeds daar (vs 7).

Dit is in hierdie tyd dat die Israeliete vermaan word om streng te hou by al die gebooie van die HERE, hulle Verbondsgod. Veral moet hulle besonderlik waak teen godsdiensvermenging met die heidene. Die HERE eis onverdeelde trou aan Hom (Eks 20:5). Die volk moet voortgaan om die HERE, hulle God bó alles lief te hê, want Hy het hulle lief vanweë sy verbond. Liefde tot God is die vaste skans teen godsdiensvermenging.

Die koninkrykstyd van die Nuwe Testament het aangebreek met die kruisdood, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus, ons Verbondsmiddelaar, asook met die uitstorting van sy Heilige Gees. Die koninkryk van God is hier, maar nog nie ten volle nie.

In ons koninkrykstyd van elke dag is die saak van godsdiensvermenging steeds dodelik aanwesig. Die *New Age*-beweging bevorder dit steeds in baie gedaantes. Geen wonder dat die opdrag aan die kerk van alle tye gehoor word (Op 2:25): “Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.” Ja, hou tog vas aan die Woord van God – dan hou jy vas aan Jesus Christus, die Woord (Joh 1:1). Hou vas uit liefde tot God, want Hy het jou eerste liefgehad (1 Joh 4:19).

Bid dat die Heilige Gees jou ’n Woordgeleerde mag maak!

*Sing: Psalm 119:6, 7* *Ds. RL Vorster (Emeritus)*